

HOOFSTUK 7

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

7.1 INLEIDING

Die primêre doel van die navorsing is die evaluering van die openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste in die finansiële state van Suid-Afrikaanse publieke maatskappye en in welke mate hierdie openbaarmaking aan AARP voldoen. Ten einde hierdie doelwit te bereik, is 'n literatuurstudie van die toepaslike fundamentele rekeningkundige beginsels in die konseptuele raamwerk, alternatiewe rekeningkundige verantwoordingsmetodes vir navorsings- en ontwikkelingskoste, huidige toepaslike Suid-Afrikaanse rekeningkundige praktyke, sowel as sekere toonaangewende internasionale praktyke, onderneem. Verder is 'n empiriese studie, wat die evaluering en ontleding van finansiële state van sekere Suid-Afrikaanse publieke maatskappye behels, uitgevoer.

7.2 OORSIG VAN DIE NAVORSING

In hoofstuk 2 is die aard en rol van innovasie en navorsing en ontwikkeling in besigheidsondernemings bespreek. Die belegging wat ondernemings in navorsing en ontwikkeling maak is, in die huidige vinnig veranderende omgewing wat toenemend op tegnologie vertrou, meer krities as ooit tevore vir die voortbestaan van ondernemings en lande. Suksesvolle ondernemings belê toenemend in navorsing en ontwikkeling.

Hierdie studie klaar die begrippe *innovasie* en *navorsing en ontwikkeling* op. Innovasie is die generering, aanvaarding en implementering van nuwe idees, prosesse, produkte of dienste. Innovasie is die omvattende begrip wat navorsing en ontwikkeling insluit. Die kompleksiteit inherent aan navorsing en ontwikkeling, het tot gevolg dat dit moeilik definieerbaar is en dat 'n toepaslike en aanvaarbare

basis vir die rekeningkundige verantwoording daarvan moeilik bepaalbaar is. Uit die aard, funksie en doel van Rekeningkunde, blyk dit dat Rekeningkunde 'n kommunikasieproses is, wat inligting wat in die behoeftes van gebruikers voorsien, verskaf. Die belangrikheid van Rekeningkunde in die gemeenskap en toepaslike rekeningkundige beginsels in die konseptuele raamwerk is in hoofstuk 3 behandel. Rekeningkunde moet aanpasbaar wees vir die vereistes wat 'n veranderende omgewing stel, om te verseker dat inligting wat aan die gebruikers van finansiële state gekommunikeer word, nie misleidend is nie, relevant, tydig en nuttig vir besluitneming, is en tot gevolg het dat 'n redelike weergawe bewerkstellig word. Redelike weergawe vereis die keuse en toepassing van 'n rekeningkundige beleid wat betroubaar is, deurdat finansiële state die ekonomiese wese van gebeure en transaksies weerspieël. Afhangende van die aard en inherente eienskappe van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite, sal die verwante navorsings- en ontwikkelingskoste as 'n uitgawe of as 'n bate rekeningkundig verantwoord word. Uit die bespreking blyk dit dat navorsings- en ontwikkelingskoste nie uitgesluit van die klassifikasie as bate, is nie.

In hoofstuk 4 is die verskillende rekeningkundige verantwoordingsmetodes vir navorsings- en ontwikkelingskoste, toepaslike Suid-Afrikaanse rekeningkundige standpunte, asook die huidige rekeningkundige praktyke van enkele toonaangewende lande, bespreek. Die inherente risiko's verbonde aan die aard van navorsings- en ontwikkelingskoste en die hoë graad van onsekerhede waarmee die koste geassosieer word, kompliseer die keuse van 'n toepaslike verantwoordingsmetode. Internasionaal is daar tans nog nie eenstemming bereik oor die mees toepaslike wyse vir die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste nie. Suid-Afrika volg 'n beleid om alle navorsingskoste onmiddellik as uitgawe te erken en ontwikkelingskoste te kapitaliseer, indien daar aan spesifieke kriteria voldoen word. In terme van die rekeningkundige raamwerk is hierdie metode konseptueel die mees korrekte rekeningkundige hantering. Dit blyk egter dat ondernemings teensinnig is om hierdie verantwoordingsmetode in die praktyk te implementeer.

Hoofstuk 5 gee 'n kort opsomming en kritiese bespreking van die SNO (1997) se verslag, *Innovation Patterns in South African Manufacturing Firms*. Verskeie innoverende tendense in Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings is geïdentifiseer. Die SNO het onder andere bevind dat daar 'n duidelike korrelasie is tussen die grootte van 'n onderneming en die waarskynlikheid dat navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite uitgevoer word. Groter ondernemings is dus meer betrokke by navorsing en ontwikkeling, as kleiner ondernemings. Daar is ook aangetoon dat ondernemings weens die belangrikheid daarvan toenemend navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uitvoer.

Die empiriese studie in hoofstuk 6 het die ontleding van finansiële state van sekere Suid-Afrikaanse publieke maatskappye behels. Die mate waarin hierdie maatskappye se finansiële state hulle werklike betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling weerspieël, is bepaal en die rekeningkundige praktyke wat vir navorsings- en ontwikkelingskoste geïmplementeer is, is beoordeel.

7.3 GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings wat uit die navorsingstudie gemaak word, is die volgende :

- Die belegging wat maatskappye in navorsing en ontwikkeling maak, toon 'n stygende tendens. Navorsings- en ontwikkelingskoste wat as uitgawe erken is, was gemiddeld 0,19% van maatskappye in die steekproef se omset in 1994 en 1,41% van die wins voor belasting. In 1997 was die navorsings- en ontwikkelingskoste wat as uitgawe erken is, 0,47% van omset en 2,96% van wins voor belasting. Die toename in navorsings- en ontwikkelingskoste van meer as 100% oor die tydperk, 1994 tot 1997, is 'n aanduiding dat maatskappye toenemend meer in navorsing en ontwikkeling investeer en deeglik bewus is dat navorsing en ontwikkeling noodsaaklik is as 'n maatskappy wil voortbestaan en suksesvol wil wees.
- Ten spyte van die bogenoemde stygende tendens, vergelyk die belegging wat

Suid-Afrikaanse maatskappye in navorsing en ontwikkeling maak, swak met internasionale maatskappye. Die totale navorsings- en ontwikkelingskoste in 1997 het 0,47% van maatskappye in die steekproef se totale omset beloop. Die totale navorsings- en ontwikkelingskoste van die top 300 internasionale maatskappye in 1997, het 4,6% van hulle totale omset beloop. Die belegging wat Suid-Afrikaanse maatskappye in navorsing en ontwikkeling maak, is beduidend minder as dié van suksesvolle internasionale maatskappye.

- Daar is 'n tendens by publieke maatskappye geïdentifiseer om meer inligting rakende hulle totale investering in navorsing en ontwikkeling, te openbaar. In 1994 het min maatskappye navorsings- en ontwikkelingskoste wat aangegaan is, in hulle finansiële jaarstate openbaar en gevolglik nie aan die openbaarmakingsvereistes van RE122 voldoen nie. 'n Evaluering van die finansiële jaarstate van die daaropvolgende tydperke, naamlik 1995 tot 1997, het egter getoon dat die meerderheid van die maatskappye wel navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar het en dus wel aan die vereistes van RE122 voldoen.
- Finansiële jaarstate is nie in alle gevalle 'n getroue weergawe van 'n onderneming se werklike betrokkenheid by navorsings- en ontwikkelings-aktiwiteite nie. Wesenlike verskille is geïdentifiseer tussen die totale navorsings- en ontwikkelingskoste vir 1994 wat maatskappye in die SNO-verslag gerapporteer het, en die koste wat in die maatskappye se 1994 finansiële jaarstate geopenbaar is.
- In sover dit die rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste aangaan, is 'n positiewe tendens by maatskappye geïdentifiseer om wel 'n rekeningkundige beleid ooreenkomstig die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, te aanvaar.
- Ten spyte daarvan dat die korrekte rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste aanvaar is, wil dit voorkom of die rekeningkundige

verantwoordingsvereistes van RE122 nie geïmplementeer word nie. Alhoewel die maatskappye navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite op 'n deurlopende grondslag uitgevoer het, het die finansiële state van die maatskappye (met die uitsondering van een maatskappy) geen gekapitaliseerde ontwikkelingskoste in hulle balansstate getoon nie. Die oordeel van bestuur word vereis om te bepaal of ontwikkelingskoste wel aan die kapitaliseringskriteria voldoen. Daar is aangetoon dat dit onwaarskynlik is dat geen van die ontwikkelingskoste wat aangegaan is, aan die vereiste kriteria vir kapitalisering voldoen nie. Maatskappye erken dus ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe en verantwoord dit rekeningkundig dieselfde as navorsingskoste. Geen onderskeid word gevolglik tussen navorsingskoste en ontwikkelingskoste vir rekeningkundige verantwoordingsdoeleindes getref nie. Hierdie bevindinge stem ooreen met bevindinge in ander internasionale studies, byvoorbeeld Gray (1985, in Nixon & Lonie, 1990), Nixon (1997) en Nixon en Lonie (1990).

- Maatskappye openbaar slegs die minimum vereiste inligting met betrekking tot navorsings- en ontwikkelingskoste en baie min addisionele inligting oor die maatskappye se betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling word deur Suid-Afrikaanse publieke maatskappye geopenbaar. Daar is aangetoon dat gebruikers van finansiële state 'n inligtingsbehoefte vir nie-finansiële data en toekomstgerigte inligting het. Die openbaarmaking van addisionele inligting oor navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite behoort gevolglik nuttig vir gebruikers te wees.
- Daar is aangetoon dat daar geen beduidende verskille is tussen RE122, wat tans die verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste voorskryf, en RE129, wat op 1 Januarie 2000 in werking tree en RE122 sal vervang nie. Dit is dus onwaarskynlik dat die nuwe rekeningkundige standpunt 'n verandering in die huidige praktyk wat maatskappye vir navorsings- en ontwikkelingskoste geïmplementeer het, teweeg sal bring.
- Die rekeningkundige beleid en verantwoordingsmetode vir navorsings- en

ontwikkelingskoste wat Suid-Afrikaanse publieke maatskappye in die praktyk geïmplementeer het, weerspieël nie die wese van navorsings- en ontwikkelingsgebeure en transaksies nie, wat tot gevolg het dat finansiële state nie die werklike betrokkenheid van die maatskappye by navorsing en ontwikkeling, getrou weergee nie. Onvoldoende inligting word aan die gebruikers van finansiële state gekommunikeer, om hulle in staat te stel om ingeligte ekonomiese besluite te neem. Die oorkoepelende oorweging in finansiële state, naamlik redelike weergawe, is gevolglik in die gedrang.

7.4 AREAS VIR VERDERE NAVORSING

Hierdie navorsingstudie is gebaseer op Suid-Afrikaanse publieke maatskappye in die vervaardigingsektor. Soortgelyke studies kan onderneem word op maatskappye in ander industrieë en sal die gevolgtrekkings wat in hierdie studie gemaak is, verder ondersteun of verwerp.

In hierdie studie is tot die gevolgtrekking gekom dat maatskappye se werklike betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling nie in hulle finansiële state weerspieël word nie en dat daar nie aan die rekeningkundige verantwoordingsvereistes van RE122 voldoen word nie. Verdere navorsing oor die redes waarom maatskappye nie die vereistes van die toepaslike Suid-Afrikaanse standpunt implementeer nie, kan 'n verduideliking gee waarom Suid-Afrikaanse maatskappye navorsings- en ontwikkelingskoste rekeningkundig dieselfde verantwoord en waarom dit wil voorkom asof hierdie afwyking van AARP, nie deur die rekeningkundige professie bevraagteken word nie.

Verdere navorsing oor die spesifieke behoeftes van gebruikers van finansiële state vir inligting oor navorsings- en ontwikkelingskoste, insluitende die tipe en omvang van nie-finansiële inligting en toekomsgerigte inligting, sal betekenisvol wees om aanbevelings te maak vir addisionele openbaarmaking, wat nuttig vir gebruikers sal wees.

7.5 DIE TOEKOMS

- Suid-Afrikaanse maatskappye sal in die toekoms toenemend meer navorsing en ontwikkeling moet onderneem om 'n kompetende voordeel bo mededingers te verkry en internasionaal te kan meeding.
- Belangegroepie behoort in die toekoms groter druk uit te oefen om meer volledige en addisionele inligting oor navorsings- en ontwikkelingskoste te bekom.
- Groter harmonisering van rekeningkundige standaarde, en spesifiek ook die verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste, wêreldwyd.
- Die toenemende belangrikheid van ontasbare bates die afgelope dekade blyk uit die feit dat maatskappye wel hierdie bates in hulle balansstate erken en die uitreiking van rekeningkundige standpunte internasionaal sowel as plaaslik, wat die verantwoording daarvan voorskryf. Navorsings- en ontwikkelingskoste sal in die toekoms noodsaaklik wees vir die voortbestaan van verskeie ondernemings en 'n kritieke faktor wees wanneer ondernemings evalueer en ontleed word.